

Vrydag 23 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Romeine 5:1-5

Van swaarkry tot hoop

Dis vir niemand lekker om swaar te kry nie. Swaarkry maak 'n mens seer, moedeloos, moeg en bang. Daarom probeer ons alles wat ons kan om dit te vermy. Van kleinsaf word ons geleer van allerhande dinge wat ons in plek moet stel om nie deur swaarkry getref te word nie.

Swaarkry kan egter tog goed wees, want – so skryf Paulus in hierdie gedeelte – swaarkry stel 'n proses in werking wat op iets groots uitloop: ... *swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het* ...

Soos 'n stel domino's val dit uiteindelik in plek: van swaarkry tot by hoop, wat sekerheid en vreugde en nuwe perspektief bring.

Hierdie hoop het alles daarmee te make dat ons die uiteindelijke heerlikheid saam met God sal beleef – al gaan dit dalk ook baie swaar met ons in hierdie lewe. Wanneer ons só daarna kyk, het swaarkry soveel sin: dit is die sneller om ons te laat groei tot by die hoop wat vas geanker is in die onbeskryflike liefde van God Drie-enig, dit wat die Heilige Gees in ons binneste laat groei en blom.

Wie in geloof, hoop en liefde aan ons Here Jesus Christus vashou, het hierdie sekerheid: jy is vrygespreek voor die Regter van die heelal. Niks en niemand kan dit van jou af wegneem nie, want Jesus het volledig daarvoor aan die kruis betaal. Die diep en innige verhouding met jou hemelse Vader is herstel.

Dit bring weer daardie vonkel in jou oë – al is hulle soms nog 'n bietjie dof van swaarkry-trane ...

Sing: Psalm 34:1, 8 (1936)

Dr. EJ (Rassie) Smit (Wapadrant)